Senwes

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING 2015





MEER AS NET LANDBOU

Senwes village · Senwes credit · Senwes grainlink · TradeVantage™



KENNISGEWING VAN

# ALGEMENE JAARVERGADERING

Senwes

**(Registrasienommer 1997/005336/06)**

("die Maatskappy")

| BELANGRIKE DATUMS VIR ALLE AANDEELHOUERS: | 2015 |
|---|---|
| REKORDDATUM VIR KENNISGEWING VAN VERGADERING | 24 JULIE |
| INDIENING VAN VOLMAGVORMS VIR STEMMING BY DIE ALGEMENE JAARVERGADERING (insluitend elektroniese indiening) | 26 AUGUSTUS OM 11:00 |
| REKORDDATUM VIR STEMMING BY DIE VERGADERING EN DIVIDEND | 28 AUGUSTUS |
| DATUM VAN ALGEMENE JAARVERGADERING | 28 AUGUSTUS OM 11:00 |

'n AANDEELHOUER WAT NIE IN STAAT IS OM DIE VERGADERING BY TE WOON NIE, MAG 'N GEVOLMAGTIGDE AANSTEL OM HOM/HAAR OP DIE VERGADERING TE VERTEENWOORDIG EN NAMENS HOM/HAAR DAAROP TE PRAAT EN TE STEM.

DIE VOLMAGVORM WAT HIERBY INGESLUIT IS, MOET VIR DIÉ DOEL GEBRUIK WORD EN MOET INGEHANDIG WORD BY DIE GEREGISTREERDE KANTOOR VAN DIE MAATSKAPPY VOOR OF OP 26 AUGUSTUS 2015 OM 11:00 PER POS, FAKS OF ELEKTRONIESE INDIENING, OOREENKOMSTIG DIE VEREISTES VERVAT IN DIE KENNISGEWING.

**DIE BESKIKBAARHEID VAN DIE GEÏNTEGREERDE VERSLAG EN JAARLIKSE FINANSIËLE STATE**

Afskrifte van die volledige geïntegreerde verslag en die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2015 is beskikbaar en kan verkry word gedurende normale kantoorure by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570, vanaf 31 Julie 2015, of kan ook besigtig word op die Maatskappy se webtuiste: www.senwes.co.za

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die negentiende algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy op Vrydag, 28 Augustus 2015 om 11:00 in Kamer A, Konferensiesentrum, Senwes Hoofkantoor, Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp gehou sal word om met die onderstaande aangeleenthede te handel:

# BELANGRIKE DEFINISIES:

Aandeelhouers word geadviseer dat in hierdie kennisgewing, die volgende woorde soos hieronder uiteengesit, beteken:

| | |
|---|---|
| "die Aandeelhouers" | Die geregistreerde aandeelhouers of lede van die Maatskappy soos aangedui in die aandeelhouersregister van tyd tot tyd; |
| "die Akte" | Die Akte van Oprigting van die Maatskappy, soos gewysig en goedgekeur op 31 Augustus 2012; |
| "die Direksie" | Die Raad van Direkteure van die Maatskappy; |
| "die Maatskappy" | Senwes Beperk; |
| "Rekorddatum" | Die datum waarop aandeelhouers wat aldus in die aandeleregister geregistreer is as sodanig, geregtig is om kennis te kry van die vergadering en/of om aan die vergadering deel te neem en vir die besluite voorgelê te stem; en |
| "die Wet" | Die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig. |

## A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN JAARLIKSE FINANSIËLE STATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG

Om die volgende aan die vergadering voor te lê -

- die Direksieverslag en geouditeerde jaarlikse finansiële state van die Maatskappy vir die periode geëindig 30 April 2015*, en
- die Ouditkomiteeverslag, soos goedgekeur deur die Raad van Direkteure.

*(*'n afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is op versoek beskikbaar van die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy)*

## B. GEWONE BESLUITE

Om die volgende ses gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

**PERSENTASIE STEUN VEREIS VIR GEWONE BESLUITE 1 TOT 6**
*(Vir gewone besluite om aangeneem te word, word die steun benodig van meer as 50% (vyftig persent) van die totale aantal stemme wat deur die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Algemene Jaarvergadering, uitgebring mag word)*

## 1. GEWONE BESLUIT NOMMER 1: HERAANSTELLING VAN OUDITEURE

"Besluit om die heraanstelling van die ouditeure, Ernst & Young Ing., soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, as onafhanklike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy."

***Rede en effek:***

Die rede vir gewone besluit nr. 1 is dat die Maatskappy se ouditeure elke jaar ingevolge die Maatskappywet by die algemene jaarvergadering van die Maatskappy aangestel of heraangestel moet word.

## 2. GEWONE BESLUIT NOMMER 2: BEKRAGTIGING VAN FINALE DIVIDEND

"Besluit om die aanbeveling van die Raad van Direkteure dat 'n finale dividend van 26 sent per aandeel verklaar word ooreenkomstig Artikel 35.1 van die Akte, te bekragtig en goed te keur. (In terme van Artikel 35.5 van die Maatskappy se Akte, mag die vergadering nie 'n groter dividend as die dividend aanbeveel deur die Direksie, verklaar nie)".
*(Dividende sal aan aandeelhouers as sulks geregistreer op die rekorddatum van 28 Augustus 2015, betaal word op ongeveer 4 September 2015).*

# 3. GEWONE BESLUIT NOMMER 3: VERKIESING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Ingevolge die Akte bestaan die Direksie tans uit 13 direkteure. Aandeelhouers word versoek om op ʼn individuele basis direkteure te verkies ingevolge Artikel 26.3 van die Akte in die plek van die nie-uitvoerende direkteure wat in terme van die rotasieprogram wat deur die Direksie goedgekeur is, op die vergadering uittree.

Mnre. Danie Minnaar en Tom van Rooyen tree volgens die rotasieprogram uit. Beide direkteure is beskikbaar vir herverkiesing vir ʼn verdere ampstermyn en is, as uittredende direkteure, outomaties genomineer vir die bestaande vakatures op die direksie.

Aandeelhouers is ook geregtig om persone anders as die uittredende direkteure te nomineer in terme van Artikel 26 van die Akte.

Aandeelhouers word versoek om **2 (twee)** direkteure te verkies vir die **twee vakatures** op die Direksie. Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteure aan.

***Rede en effek:***

Die rede vir en effek van gewone besluite nr. 3.1 en 3.2 is om die direkteure wat beurtelings ingevolge die Akte van die Maatskappy uittree, te herkies en persone aldus genomineer as kandidate vir die direksie te verkies.

**DIE GENOMINEERDE KANDIDATE (IN ALFABETIESE ORDE) IS SOOS VOLG:**

1. **JDM (Danie) Minnaar**
2. **TF (Tom) van Rooyen**

**BELANGRIKE INLIGTING:**

Geen ander persoon, behalwe die uittredende direkteur, kan as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge artikel 26.3 van die Akte genomineer is. Nominasie van persone wat ingevolge die Wet en die Akte van die Maatskappy bevoeg is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris verkrygbaar is.

Voltooide nominasievorms moet minstens 45 dae voor die vergaderingdatum by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) ingedien word.

## 3.1 BESLUIT NOMMER 3.1: BESLUIT OM MNR JDM MINNAAR TE HERKIES AS NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR

**VERKORTE CURRICULUM VITAE:**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Jan Daniel Marquard Minnaar (Danie) |
| **Adres:** | Springboklaagte, Kroonstad |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 30 Januarie 1965 (50) |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert September 1999 |
| **Kwalifikasies:** | B.Com |
| **Ander inligting:** | Mnr Minnaar is sedert 2014 die Voorsitter van die Direksie van Senwes en is ʼn lid van die Direksie van Senwesbel Beperk.<br><br>Mnr Minnaar boer sedert 1988 in die Kroonstad distrik en is vir baie jare al deel van die landbousektor. Hy is ʼn voormalige voorsitter van die Vrystaat Landbou-unie Jongboerkomitee en was betrokke by die implementering en bevordering van graanbemarking op Safex. |
| **Senwes direksiekomitees:** | Nominasie (Voorsitter), Belegging, ex officio lid van alle direksiekomitees. |
| **Kontakbesonderhede:** | Sel nr: 082 411 9979<br>e-pos: danie.minnaar@compuking.co.za |

## 3.2 BESLUIT NOMMER 3.2: BESLUIT DAT MNR TF VAN ROOYEN HERKIES WORD AS NIE-UITVOERENDE DIREKTEUR

**VERKORTE CURRICULUM VITAE:**

| | |
|---|---|
| **Volle name en van:** | Thomas Frederik van Rooyen (Tom) |
| **Adres:** | Rietkuil, Potchefstroom |
| **Geboortedatum en ouderdom:** | 19 September 1965 (50) |
| **Diensjare:** | Direkteur sedert November 2013 |
| **Kwalifikasies:** | B.Sc (Landbou), Hons. in Landbou-ekonomie |
| **Direkteurskappe en ander inligting:** | Lid van Graan SA, Agri Potchefstroom en Noordwes. Direkteur van twee van sy eie maatskappye.<br><br>Tom het uitgebreide boerderybelange op verskeie plase in die Potchefstroom/Ventersdorp gebied vir die afgelope 22 jaar. Hy het ook sy boerderybelange uitgebrei na kommersiële en residensiële eiendom. Hy het ŉ groot veekomponent in sy boerderybedryf (Bonsmara en Boran stoete). Tom was ŉ finalis in die Graanprodusent van die Jaar-kompetisie in 2010. |
| **Senwes direksiekomitees:** | Sosiale & Etiese en Risiko |
| **Kontakbesonderhede:** | Sel nr: 082 586 0444<br>E-pos: katbos@lantic.net |

## 4. GEWONE BESLUIT NOMMER 4: VERKIESING VAN DIE LEDE VAN DIE SENWES OUDITKOMITEE

"Om die ondergenoemde nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (gewone besluite nr. 4.1 tot 4.5) individueel as lede van die Senwes Ouditkomitee te verkies tot na afloop van die volgende algemene jaarvergadering.

Die Direksie beveel aan dat die Ouditkomitee sal bestaan uit die volgende vyf nie-uitvoerende direkteure, waarvan drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is, soos vereis ingevolge die Wet:

| NAME* | KWALIFIKASIES |
|---|---|
| GEWONE BESLUIT NR. 4.1 | |
| ZBM (Zarina) Bassa | B.Com Rek, GR (SA). Nagraadse diploma in Rekeningkunde, verskeie leierskap- en gevorderde leierskapprogramme en strategiese bestuur in bankwese. Direkteur van onder andere, Finansiële Dienste Raad, Investec Bank, Vodacom Bpk en Oceana Bpk. |
| GEWONE BESLUIT NR. 4.2 | |
| SF (Steve) Booysen | BCompt (Hons). (Unisa), D.Com (UP), GR (SA). Direkteur van verskeie genoteerde maatskappye en besighede soos Efficient Groep Bpk, Steinhoff Bpk, Clover Bpk, Vukile Properties Bpk. Dr Booysen is die voormalige Groep Uitvoerende Direkteur van die Absa Groep Bpk en is ŉ raadslid van die Universiteit van Pretoria |
| GEWONE BESLUIT NR. 4.3 | |
| JBH (James) Botha | BLC, LLB, HDip (Belasting). James was ŉ praktiserende kommersiële en korporatiewe prokureur in Pretoria voor hy die korporatiewe wêreld betree het. Terwyl hy gepraktiseer het, het hy veral belang gestel in korporatiewe herstruktureringsaspekte, oornames en samesmeltings van maatskappye, sowel as mededingingswetgewing. Hy is tans die in-huis regsadviseur vir die NWU by die Potchefstroomse Kampus. |
| GEWONE BESLUIT NR. 4.4 | |
| AJ (Dries) Kruger | BCompt (Hons), GR (SA). Geregistreerde ouditeur en rekenmeester en praktiseer in Kroonstad sedert 1976. Dries spesialiseer in boerderybedrywighede en boedelbeplanning en het vroeg in 2015 afgetree. |
| GEWONE BESLUIT NR. 4.5 | |
| NDP (Nico) Liebenberg | B.Com (Hons), M. Volhoubare Landbou. Nico boer sedert die einde van 1991 in die Bothaville distrik en het ŉ gediversifiseerde boerdery-eenheid gevestig, bestaande uit droëlandgraan, vee en groente onder besproeiing. Die groente-eenheid het tot ŉ groot nasionale verskaffer van, inter alia, wortels en waarde-toevoegende wortelprodukte aan ŉ bekende voedsel kleinhandelsgroep ontwikkel." |

*(*in alfabetiese orde)*

***Rede en effek:***

Die rede vir en effek van gewone besluite nr. 4.1 tot 4.5 is om die lede van die Ouditkomitee van die Maatskappy aan te stel soos vereis ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet.

# 5. GEWONE BESLUIT NOMMER 5: AANSTELLING VAN DIE SOSIALE & ETIESE KOMITEE

"Besluit om die volgende nie-uitvoerende direkteure as lede van die Maatskappy se Sosiale & Etiese Komitee aan te stel soos bepaal in Artikel 72 van die Wet. Hierdie komitee bestaan uit die volgende drie nie-uitvoerende en een uitvoerende direkteur en die samestelling voldoen aan die voorskrifte van die Wet:

| NAME* | KWALIFIKASIES |
|---|---|
| JBH (James) Botha | BLC, LLB, HDip (Belasting) |
| J (Joseph) Maswanganyi | B.Com, Nagraadse diploma in Besigheidsadministrasie en Uitvoerende Ontwikkelingsprogram (IEDP) |
| TF (Tom) van Rooyen | B.Sc (Landbou), Honneurs in Landbou-ekonomie |
| WH (Thabo) van Zyl | B.Sc Landbou (Landbou-ekonomie)" |

*(*in alfabetiese orde)*

# 6. GEWONE BESLUIT NOMMER 6: ALGEMENE MAGTIGING OM AANDELE TOE TE KEN EN UIT TE REIK

"Besluit dat as 'n algemene magtiging, maar onderhewig aan die noteringsvereistes van die JSE Beperk (indien van toepassing) en die Wet, 30% (dertig persent) van die Maatskappy se goedgekeurde maar onuitgereikte aandelekapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas word, tot met datum van die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige aandele uit te reik en toe te ken aan sodanige persone en op sodanige terme en voorwaardes as wat die direkteure in hul uitsluitlike diskresie mag goeddink."

***Rede en effek:***

Die rede vir gewone besluit nr. 6 is dat die direkteure in die algemeen gemagtig sal word om tot ŉ maksimum van 30% van die onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy uit te reik. Hierdie magtiging word jaarliks versoek en duur tot en met die volgende jaarvergadering.

Die magtiging word versoek ten einde die Direksie in staat te stel om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë in terme van groei, uitreiking van aandele aan moontlike nuwe besigheidsvennote en/of bestaande aandeelhouers, die verkryging van verdere kapitaal of die uitreiking van aandele vir doeleindes van swart ekonomiese bemagtiging of personeelaansporingsinisiatiewe. Ingevolge artikel 41 van die Wet is die direksie wel geregtig om aandele uit reik onderhewig aan sekere voorwaardes.

In terme van die Wet moet aandeelhouers ook magtiging verleen by wyse van 'n spesiale besluit wanneer aandele aan direkteure en/of aangewese amptenare en/of verwante partye uitgereik sou word. Hierdie magtiging is reeds by die 2011 algemene jaarvergadering verleen.



# C. SPESIALE BESLUITE

Om die volgende vier spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

**PERSENTASIE STEUN VEREIS VIR SPESIALE BESLUITE 1 TOT 4**

*(Vir spesiale besluite om aangeneem te word, word die steun benodig van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale aantal stemme wat deur die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie algemene jaarvergadering, uitgebring mag word).*

## 1. SPESIALE BESLUIT NOMMER 1: GOEDKEURING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE SE VERGOEDING VIR HUL DIENSTE AS DIREKTEURE

***"Besluit dat:***

Ingevolge Artikel 66(9) van die Wet die betaling van die vergoeding vir die dienste as nie-uitvoerende direkteure van Senwes goedgekeur word vir die tydperk 1 September 2015 tot 31 Augustus 2016 soos uiteengesit in die onderstaande tabel:

| KATEGORIE | VOORGESTELDE DIREKSIE RETENSIE FOOI (PER JAAR) | VOORGESTELDE DIREKSIEKOMITEE FOOIE |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Voorsitter | **507 073** | |
| Vise-Voorsitter | **354 951** | |
| Direkteure | **246 496** | |
| Spesiale projekte per dag | | **2 270** |
| **Voorsitters van Direksiekomitees** | | |
| Ouditkomitee | | **192 600** |
| Vergoedingskomitee | | **139 907** |
| Risikokomitee | | **139 907** |
| Ander Direksiekomitees | | **95 048** |
| **Direksiekomiteelede** | | |
| Ouditkomitee | | **103 950** |
| Vergoedingskomitee | | **71 358** |
| Risikokomitee | | **71 358** |
| Ander Direksiekomitees | | **48 899** |
| Reiskoste (huidige AA-tarief, gebaseer op die waarde van 'n voertuig met koopprys van R500 000, 'n enjinkapasiteit van 2501cc tot 3000cc en 45 000 km en meer gereis per jaar) | | |
| Reis-en verblyfuitgawes | **Werklike uitgawes"** | |

***Rede en effek:***

Aandeelhouers word versoek om die voorgestelde vergoeding betaalbaar aan nie-uitvoerende direkteure, effektief vanaf 1 September 2015 soos bepaal in spesiale besluit nr.1, te oorweeg en goed te keur.

Bostaande tabel toon aan dat die direksiefooie met ŉ gemiddelde 7% tot 10% verhoog is en dat dit aangepas is om in lyn te kom met die vergoeding betaalbaar asook die norme van vergelykbare maatskappye. Die struktuur van die vergoeding word ook aangepas sodat die jaarlikse vergoeding asook die vergoeding betaalbaar vir die direksiekomitees maandeliks agteruit betaal word en nie meer per vergadering bygewoon nie.

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 28.1 van die Akte is nie-uitvoerende direkteure geregtig op sodanige vergoeding as wat die Maatskappy van tyd tot tyd tydens 'n algemene vergadering mag bepaal. Artikel 66(9) van die Wet vereis dat die vergoeding goedgekeur word by wyse van 'n spesiale besluit geneem deur aandeelhouers en derhalwe word die vergoeding aldus voorgelê.

Uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie, maar word as personeel van die Maatskappy in ooreenstemming met hulle dienskontrakte vergoed.

Let asseblief daarop dat, indien die besluit nie goedgekeur word nie, die vergoeding soos goedgekeur deur aandeelhouers by die 2014 algemene jaarvergadering, betaalbaar sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering in 2016.

Besonderhede van die vergoeding betaal vir die jaar geëindig 30 April 2015 is beskikbaar in die algemene jaarverslag.



## 2. SPESIALE BESLUIT NOMMER 2: LENINGS EN FINANSIËLE BYSTAND

***"Besluit dat:***

As 'n algemene goedkeuring in terme van artikel 45 van die Wet, enige direkte of indirekte finansiële bystand verleen of wat verleen sal word deur die Maatskappy aan enige verwante of interverwante maatskappy van die Maatskappy, soos gemagtig deur die Direksie in terme van artikel 45(2) van die Wet, hiermee goedgekeur word, welke goedkeuring spesifiek insluit dat die Direksie enige reëlings namens die Maatskappy mag tref wat dit mag goeddink vir finansiering, bystand of subsidiëring van enige van die Maatskappy se filiale en/of assosiate en/of entiteite waarin die Maatskappy 'n belang het, en vir die waarborg van sy kontrakte, verpligtinge of laste, op welke wyse ookal, vir 'n periode vanaf 1 November 2015 tot 31 Oktober 2017".

***Rede en effek:***

Artikel 45 van die Wet vereis dat finansiële bystand aan verwante of interverwante maatskappye slegs verleen mag word deur die Maatskappy indien die aandeelhouers, by wyse van 'n spesiale besluit geneem gedurende die vorige twee jaar, sodanige finansiële bystand goedgekeur het.

Die effek van hierdie besluit sal wees dat algemene magtiging aan die Direksie verleen word, onderhewig aan die bepalings van die Wet, om befondsing te verskaf aan sy filiale en verwante partye sonder om telkens die goedkeuring van aandeelhouers te versoek. Die daaglikse bedryfsvoering van die Groep is derhalwe op ŉ praktiese vlak moontlik. Die magtiging word verleen vir 'n periode van twee jaar vanaf 1 November 2015 tot 31 Oktober 2017.

Die vorige magtiging is in 2013 verleen en is van toepassing tot 31 Oktober 2015.

## 3. SPESIALE BESLUIT NOMMER 3: GOEDKEURING VAN FINANSIËLE BYSTAND VIR DIE KOOP VAN DIE MAATSKAPPY SE EIE AANDELE

***"Besluit dat:***

Die Direksie hiermee in terme van artikel 44 van die Wet in die algemeen gemagtig word om enige direkte of indirekte finansiële bystand te verleen, hetsy by wyse van ŉ lening, waarborg of verskaffing van enige vorm van sekuriteit, aan enige persoon en/of aan die Maatskappy se houermaatskappy, filiale en/of assosiate en/of entiteite waarin die Maatskappy 'n belang het vir die inskryf, verkryging of koop van aandele in die Maatskappy wat reeds uitgereik is of uitgereik sal word en dat sodanige finansiële bystand hiermee goedgekeur word vanaf datum van hierdie algemene jaarvergadering tot en met 31 Oktober 2017."

***Rede en effek:***

Artikel 44 van die Wet vereis dat finansiële bystand aan enige persoon of entiteit vir die koop van die Maatskappy se eie aandele (uitgereik of uitgereik staan te word) slegs verleen mag word deur die Maatskappy indien die aandeelhouers, by wyse van 'n spesiale besluit geneem gedurende die vorige twee jaar, sodanige finansiële bystand vir die koop van eie aandele goedgekeur het.

Die effek van hierdie besluit sal wees dat algemene magtiging aan die Direksie verleen word, onderhewig aan die bepalings van die Wet, om befondsing te verskaf aan derde partye en/of sy filiale en verwante partye sonder om telkens die goedkeuring van aandeelhouers te versoek. Die magtiging word verleen vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van die spesiale besluit. Hierdie magtiging sal die Direksie in staat stel om waardeontsluitingsgeleenthede vir aandeelhouers te kan skep en om binne die Maatskappy se aanvaarde groeistrategie transaksies te kan fasiliteer. Hierdie magtiging in terme van die Wet is in 2013 vir die eerste keer verleen en moet hernu word vir ŉ verdere twee jaar.

## 4. SPESIALE BESLUIT NOMMER 4: ALGEMENE MAGTIGING AAN DIE MAATSKAPPY OF 'N FILIAAL VAN DIE MAATSKAPPY OM DIE MAATSKAPPY SE AANDELE TE VERKRY

***"Besluit dat:***

Die aandeelhouers van die Maatskappy hiermee by wyse van 'n algemene magtiging, deur 'n enkele of 'n reeks transaksies, goedkeuring verleen vir:

(a) die koop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy deur 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies; en

(b) die koop van en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele aangekoop deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo,

teen sodanige prys en op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die direkteure van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die JSE se noteringsvereistes (indien van toepassing), en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike owerheidsliggaam opgelê mag word, met dien verstande dat:

- magtiging slegs tot en met die datum van die Maatskappy se volgende algemene jaarvergadering geldig sal wees;
- die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige 1 (een) finansiële jaar, beperk word tot 'n maksimum van 20% (twintig persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum wat die magtiging verleen word;
- die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappywet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy en sy filiale plaasgevind het nie;
- die Maatskappy of sy filiale nie gedurende 'n geslote tydperk aandele mag terugkoop nie, tensy 'n terugkoopprogram in plek is waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verkry mag word, vasgestel is en waar volledige besonderhede van die program voor die aanvang van die geslote tydperk in 'n aankondiging aan die algemene publiek en aandeelhouers bekendgemaak is."

***Rede en effek:***

Die rede vir en effek van spesiale besluit nr. 4 is om algemene magtiging te verleen ingevolge die Akte en/of die Wet om die Direksie van die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitend die daaropvolgende koop of oordrag aan die Maatskappy van enige aandele aldus deur sy filiale verkry.



# KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 45 VAN DIE WET

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat, in ooreenstemming met artikel 45 van die Wet, die Maatskappy in terme van ŉ spesiale besluit van aandeelhouers verleen by die 2013 jaarvergadering wat finansiële bystand magtig, die volgende lenings aan sy filiaalmaatskappye en verwante partye verleen het vir die periode 5 Desember 2014 tot 30 April 2015:

| DATUM | NAAM VAN VERWANTE PARTY | BEDRAG R | WERKLIKE FASILITEIT OPGENEEM R |
|---|---|---|---|
| 05/12/2014 | Senwes Share Incentive Scheme | 570 107 | 570 107 |
| 12/01/2015 | Senwes Capital (Edms) Bpk (Aandeleterugkoopprogram): | | |
| | · Senwes | 25 000 000 | 4 868 603 |
| | · Senwesbel | 11 000 000 | 4 352 147 |
| 30/04/2015 | Thobo Trust | 1 000 000 | 464 119 |

# BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

- Alle aandeelhouers is geregtig daarop om die vergadering by te woon en daarop te stem. Vir doeleindes van die vergadering sal die aandeelhouersregister van die Maatskappy soos op Woensdag, 26 Augustus 2015 bepaal wie aandeelhouers is.
- 'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, mag 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat en te stem.
- 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.
- 'n Volmagvorm word hierby ingesluit. Volmagvorms kan ook na keuse van die aandeelhouer elektronies ingedien word.
- Aandeelhouers wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en te stem –

  i) mag 'n harde kopie van die volmagvorm ooreenkomstig die instruksies op die keersy voltooi en inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 of by wyse van faks of per e-pos, vir aandag die Maatskappysekretaris voor of op 26 Augustus 2015 teen 11:00. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464 2228.

  **OF**

  ii) Mag die volmag elektronies indien via die Internet. Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: www.senwes.co.za.Die notas op die keersy van die ingeslote volmagvorm rakende die voltooiing van die volmag is mutatis mutandis van toepassing op die elektroniese volmagvorms.

- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal beskikbaar wees en kan bekom word van die Maatskappysekretaris vanaf 24 Julie 2015.

Op las van die Raad van Direkteure van die Maatskappy.

**EM Joynt (Mev)**
MAATSKAPPYSEKRETARIS
KLERKSDORP
30 Junie 2015

**Tel nr. (018) 464 7104**

ALGEMENE JAARVERGADERING: 28 AUGUSTUS 2015

# VOLMAG

**SENWES BEPERK**
**Reg nr. 1997/005336/06**
**("die Maatskappy")**

Ek/ons (drukskrif) ________________________________________
(naam van aandeelhouer)

Aandeelhouers en/of Senwes klant nr: ____________________ Tel en/of sel nr: ____________________

van ________________________________________
(adres)

synde 'n lid/lede van die Maatskappy, stel hierby: ________________________________________
(naam van gevolmagtigde)

van ________________________________________
(adres)

of indien nie hy nie________________________________________
(naam van gevolmagtigde)

van ________________________________________
(adres)

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die algemene jaarvergadering van die Maatskappy wat gehou staan te word op 28 Augustus 2015 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem:

| | | TEN GUNSTE VAN | TEEN | BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Gewone besluit nr. 1 (heraanstelling van ouditeure) | | | |
| 2. | Gewone besluit nr. 2 (bevestiging van finale dividend) | | | |
| 3. | **Gewone besluit nr. 3 (verkiesing van nie-uitvoerende direkteure):** | | | |
| 3.1 | Gewone besluit nr. 3.2 (Mnr JDM Minnaar) | | | |
| 3.2 | Gewone besluit nr. 3.2 (Mnr TF van Rooyen) | | | |
| 4. | **Gewone besluit nr. 4 (verkiesing van lede van die Senwes Ouditkomitee):** | | | |
| 4.1 | Gewone besluit nr. 4.1 (Me ZBM Bassa) | | | |
| 4.2 | Gewone besluit nr. 4.2 (Dr SF Booysen) | | | |
| 4.3 | Gewone besluit nr. 4.3 (Mnr JBH Botha) | | | |
| 4.4 | Gewone besluit nr. 4.4 (Mnr AJ Kruger) | | | |
| 4.5 | Gewone besluit nr. 4.5 (Mnr NDP Liebenberg) | | | |
| 5. | Gewone besluit nr. 5 (verkiesing van Sosiale en Etiese Komitee) | | | |
| 6. | Gewone besluit nr. 6 (magtiging om aandele uit te reik) | | | |
| 7. | Spesiale besluit nr. 1 (direkteursvergoeding vir nuwe jaar) | | | |
| 8. | Spesiale besluit nr. 2 (lenings en finansiële bystand aan verwante partye) | | | |
| 9. | Spesiale besluit nr. 3 (finansiële bystand om eie aandele te koop) | | | |
| 10. | Spesiale besluit nr. 4 (algemene terugkoop van aandele) | | | |

*(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien)*
*Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.*

GETEKEN te____________________ op hierdie ____________________dag van ____________________ 2015.

**Bygestaan deur** *(indien van toepassing)*
Faks asb: 086 680 3124 of 018-464 2228
E-pos: claudi.smit@senwes.co.za

**Handtekening**
Indien volmag namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. Direkteur, Lid van BK, Trustee van 'n Trust

# NOTAS

1. 'n Lid is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien die naam van geen gevolmagtigde in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.

2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van 'n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word.

5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/ haar bevoegdheid aan die Maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur / likwidateur / kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van 'n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:

   7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en

   7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die Maatskappy se aandeelregister aangeteken is) wat 'n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene vergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.

9. Volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris van die Maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 11:00 op Woensdag, 26 Augustus 2015. Volmagvorms kan ook aan die Maatskappysekretaris per faks gestuur word by faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464 2228 of ingedien word via die Internet voor of op bogemelde datum.

10. Aandeelhouers word verwys na die belangrike bepalings in terme van Artikel 58 van die Wet soos op bladsy 13 aangedui.

# AANDEELHOUERSREGTE: OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET

Ondanks die notas hierin elders vervat moet aandeelhouers ook kennis neem van die bepalings van artikel 58 van die Wet:

1. Kan 'n aandeelhouer van 'n maatskappy op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitend 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by, 'n aandeelhouersvergadering;
2. kan 'n gevolmagtigde sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel;
3. ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 hieronder);
4. is die aanstelling van 'n gevolmagtigde deur 'n aandeelhouer herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel anders aandui;
5. indien die aanstelling herroepbaar is, kan 'n aandeelhouer die aanstelling van 'n gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of 'n later strydige nominasie van 'n gevolmagtigde te maak; en (ii) 'n kopie van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;
6. 'n gevolmagtigde wat deur 'n aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal;
7. indien die instrument waarmee 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word deur 'n aandeelhouer aan 'n maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan -
   - die tersaaklike aandeelhouer; of
   - die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en
8. indien 'n maatskappy 'n uitnodiging aan aandeelhouers rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as 'n gevolmagtigde genomineer is, of 'n vorm van instrument verskaf:
   - moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;
   - moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:
     - 'n redelike prominente opsomming van die regte wat deur artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;
     - voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat 'n aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, 'n alternatiewe naam van 'n gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en
     - voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit(e) moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;
   - moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van 'n gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en
   - die aanstelling van 'n gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.



**E-pos:** info@senwes.co.za

**Hoofkantoor:** 018 464 7800

**Kliëntediens:** 080 941 4011

**Senwes Hoofkantoor**
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
Noordwes
Suid-Afrika

Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570

**www.senwes.co.za**





Senwes

Reliable • Betroubaar CertiSure Brokers • Makelaars

GRAINOVATION Your Potential Delivered

Hinterland™

JD IMPLEMENTE

Grasland Ondernemings (Edms) Bpk